N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 36

4 September 2022

Onseker tye?

Onsekerheid nie uniek aan ons tye nie

Groot onsekerheid is beslis ontwrigtend, dog nie uniek aan ons dag nie. Die Israeliete se veertig jaar in die woestyn was ook ‘n tyd van voortdurende onsekerheid. Hulle moes elke dag gereed wees om op te pak en te trek.

“Op bevel van die Here het die Israelite weggetrek, en op Sy bevel het hulle kamp opgeslaan; gedurende die hele tyd dat die wolk op die tabernakel gerus het, het hulle in die kamp gebly. Soms het die wolk net ‘n paar dae op die tabernakel gerus. Wat die geval ook al was, op bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan en op Sy bevel het hulle weggetrek. Soms was die wolk net van die aand af tot die volgende more toe daar, en as dit dan in die more optrek, het hulle weggetrek. Of dit bedags of snags was, as die wolk optrek, het hulle weggetrek. As die wolk ‘n paar dae of ‘n maand of jaar langer op die tabernakel rus, het die Israeliete in die kamp gebly en nie weggetrek nie, maar sodra dit optrek, het hulle weggetrek. Op die bevel van die Here, het hulle kamp opgeslaan en op Sy bevel het hulle weggetrek” Num 9:18-23. Hulle het wel die sekerheid gehad dat hulle in God se wil was. Ondanks die voortdurende gereed wees om op te pak en te trek, het hulle geweet dit is die Here wat hulle lei.

Weet hoe afhanklik jy van God is

“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel” Matt 5:3. As ons uit daardie oogpunt na hulle situasie kyk, beteken dit hulle was eintlik geseënd, want hulle was afhanklik van God vir alles. Is dit nie miskien iets wat ons ook besig is om te begin beleef nie?

Beweeg saam met die wolk

Mense het hulle werk verloor, besighede moes sluit, maar dan hoor jy hoe hulle getuig van die Here se voorsienig die afgelope jaar of twee; dat Hy hulle gelei het om bv te verhuis, ‘n nuwe werk of skole vir hulle kinders te soek of selfs ‘n besigheid te begin. Vir hulle, soos met die Israeliete, was dit nie ‘n maklike pad nie, maar namate hulle eie planne opgeraak en hulle hul afhanklikheid van God besef het, het hulle ook God se voorsiening beleef.

Die toekoms is nie meer so duidelik nie. Wat is vir jou die belangrikste?

Ons wil graag ver vooruit beplan. Mense vra dikwels: “Waar sien jy jouself oor vyf of tien jaar?” Ons antwoorde hou gewoonlik verband met aspekte soos besittings, finansiële welstand en dít is wat ons graag wil bereik. Wanneer mens egter die nuus kry dat jy dalk nog net drie of ses maande oor het om te leef, verander jou uitkyk radikaal. Oornag raak jou verhoudings vir jou die belangrikste: met die Here, jou gade, jou kinders, familie en vriende. Dan kry die woorde van die lied, “Turn your eyes upon Jesus nuwe betekenis:… And the things of the earth will grow strangely dim, in the light of His glory and grace.” Paulus sê in 1 Kor 7:31: “…dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan.”

Lewe met wysheid

Salomo het gesê:” Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam Sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word” Pred 12:13. Onthou ook, God is ons rots en Hy verander nie saam met die onsekerhede van die wêreld nie. “ Jesus Christus is gister en vandag diesefde en tot in ewigheid.” Hebr 13:8 – Dawid Malherbe

Dankie!

Vir die sekerheid dat Jesus Christus gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Janine Vorster
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Hanna Pienaar.
- Suzelle Barkhuizen.
- Annika Killian
- Lilian van Zyl
- Oom Hannes Stolz .

Susan van Zyl

Juan Strijdom
Martie van Staden
Marné Holtzhausen
Eberhard Carshagen
Tannie Bets Coetzee
Lucinda Graaff
Gert Keulder
Louis Strauss
Martie van Staden
Ina van der Merwe

Gedagte vir die week

God verander nie saam met die onsekerhede van die wêreld nie.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org